education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VISUELE KUNSTE

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

2010

Hierdie riglyne bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VISUELE KUNS PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK 2010

1. VEREISTES (let wel dat Taak 2 en 6 is Visuele Kultuurstudies [teorie] – Taak 4 is 'n halfjaareksamenopdrag)

TAAK 1: (kwartaal 1)	TAAK 3: (kwartaal 2)	TAAK 5: (kwartaal 3)
Geïntegreerde taak: Visuele kuns - (verskeie kunsvorme) • Voorbereiding (geskrewe en visueel) • Prakties 25 + 25 (50) (Ten minste EEN of meer hoofkunswerk(e) moet in hierdie PAT voltooi word met voldoende proseswerk/voorbereiding in die bronboek getoon.)	Geïntegreerde taak: Visuele kuns - (verskeie kunsvorme) • Voorbereiding (geskrewe en visueel) • Prakties 25 + 25 (50) (Ten minste EEN of meer hoofkunswerk(e) moet in hierdie PAT voltooi word met voldoende proseswerk/voorbereiding in die bronboek getoon.)	Geïntegreerde taak: Visuele kuns - (verskeie kunsvorme) • Voorbereiding (geskrewe en visueel) • Prakties 25 + 25 (50) (Ten minste EEN of meer hoofkunswerk(e) moet in hierdie PAT voltooi word met voldoende proseswerk/voorbereiding in die bronboek getoon.)

Die Visuele Kuns PAT bestaan uit DRIE afsonderlike geïntegreerde take wat gedurende die jaar onderneem en voltooi moet word en sluit TWEE komponente in: geskrewe voorbereiding en die werklike praktiese werk. Punte moet toegeken word vir beide voorbereiding en praktiese prosesse en beide die informele en formele voorbereiding vir die praktiese proses moet in 'n bronboek/visuele dagboek, spesifiek vir Visuele Kuns, aangeteken word. Geskrewe voorbereiding moet bestaan uit navorsing, beplanning en enige ander verslaghouding benodig om vir die praktiese proses in Visuele Kuns voor te berei.

Teorie en praktyk kan nie afsonderlik onderrig word nie; hulle is *onderling verbind* en ingesluit in die vak-LU's en AS'e. Onderwysers sal egter gedurende die kwartaal vind dat hulle moet fokus op die ontwikkeling van *spesifieke* praktiese vaardighede en spesifieke teoretiese kennis (bv. visuelekuns-taal en -terminologie, visuele geletterdheid, historiese inhoud en kontekstuele kennis van die kuns deur gevallestudies en navorsing, ens.) *binne die breër konteks van die Geïntegreerde Taak (PAT) vir die kwartaal.*

Leerders moet TWEE bronboeke hê:
- Praktiese Bronboek/Visuele Dagboek
- Visuele Navorsing-en-Ondersoek-bronboek

Die Vakassesseringsriglyne vir Visuele Kuns verskaf nuttige/toepaslike/bruikbare voorbeelde van die wyse waarop LU's en AS'e geïnterpreteer kan word (bl. 7 – 10).

Die formaat vir die geïntegreerde praktiese take in Graad 12:

- Kwartaal 1: Praktiese Taak - Visuele Kuns (ten minste EEN of meer voltooide kunswerke) – verskeie dissiplines sien (2008) VAR- + LPR-dokumente (50 punte)
- Kwartaal 2: Praktiese Taak - Visuele Kuns (ten minste EEN of meer voltooide kunswerke) – verskeie dissiplines (50 punte)
- Kwartaal 3: Praktiese Taak - Visuele Kuns (ten minste EEN of meer voltooide kunswerke) – verskeie dissiplines (50 punte)
- Kwartaal 4: Uitstalling van ten minste VIER voltooide kunswerke + Bronboek uit PAT's gedoen gedurende Kwartaal 1, 2 en 3.
  Dit mag werke uit Graad 11 insluit.

2. BRONNE OF TOERUSTING BENODIG VIR DIE TAKE

Deur die onderwyser//kunsdepartement

Die volgende bronne, toerusting en fasiliteite word voorgestel vir die implementering van die PAT:

- Literatuur/Artikels/Tekste oor:
  - Beskikbare bronboeke vir Visuele Kuns
  - Die voorgestelde Kunsnaslaanboeke wat op die nasionale lys van boeke geplaas is of aanvaarde boeke (Sien LPG-vakraamwerk Graad 12)
  - Gevallestudies en aktiwiteite in Visuele Kuns
- Toerusting:
  - Alle nodige toerusting wat in die praktiese werk, deur die skool gekies, gebruik word
  - Relevante boeke oor die gebruik van toerusting in Visuele Kuns.
  - Kamera om foto's te neem van die werk in wording en van die voltooide produk
  - Sekuriteitstelsel en deure wat kan sluit
- Fasiliteite
  - Groot, goed geventileerde klaskamer met krane en wasbakke, esels/tafels en tafels wat kan oplig
  - Die instrumente en toebehore vereis volgens die skoolkonteks en medium
  - Stoorkamer vir die praktiese werk en 'n donkerkamer vir fotografie (indien nodig)

Deur die leerder

Die volgende bronne, toerusting en fasiliteite word benodig vir die implementering van die PAT:

- Bronboek of Visuele Dagboek

  'n Bronboek/Visuele Dagboek moet ontwikkel word om bewys te lewer van die voorbereidende werk wat onderneem is voor die produksie van die kunswerk.
  - Hierdie voorbereidende werk kan die beplanning, voorsketse, navorsing of ander take wat uitgevoer moet word voor die produksie van die kunswerk, insluit.
  - Leerders moet al hulle beplanning en voorbereidende werk vir elke praktiese taak (LU4) op skrif stel.
  - Dit moet op so wyse gedetailleer word dat die onderwyser/moderator die volgende kan weet:

    - Wat is gekies as tema vir die kunswerk
    - Waarom dit gekies is
    - Hoeveel beplanning is gedoen
    - Hoe het die leerder vir die praktiese werk voorberei
    - Probleme ondervind en hoe dit oorkom is
    - Wat was aangenaam/opwindend/positief omtrent die praktiese werk
    - Wat geleer is tydens die maak van die kunswerk

LET WEL: Daar word aanbeveel dat leerders 'n aparte Bronboek vir Visuele Kultuurstudies (teorie) aanhou ter wille van inligtingsbestuur en toeganklikheid.

Die bronboek is belangrik vir die toekenning van punte in ALLE PAT's in kwartale 1, 2, 3, 4.

- Praktiese Werk
  Geskikte en aanvaarbare kunsmateriaal vir die dissipline gekies – moet kostedoeltreffend vir die leerder wees.

VAKRAAMWERKINHOUD
GRAAD 12: Visuele Kultuurstudies (Leeruitkoms 4)

** Kies 'n minimum van SES temas (TWEE per kwartaal) – moet in die praktiese take (PAT's) geïntegreer word.

**Ten minste TWEE kunstenaars moet vir elke tema gekies, ondersoek/behandel word.

TEMA	INHOUD/INVLOEDE	INHOUD/INVLOEDE (insluitend internasionale kuns)
Kies 'n minimum van 6 temas	Suid-Afrikaanse kuns, toegepaste ontwerp en kunsvlyt sedert c. 1950	Skakels met kuns in ander dele van Afrika en internasionale kunsbewegings (d.i. soortgelyke style, mediums of voorneme)
Kies TWEE kunstenaars/argitekte/vakmanne – bespreek TWEE kunswerke/geboue vir elke individu. (LW: Die volgende **voorgestelde** lys kunstenaars/argitekte/vakmanne is nie uitgebreid of verpligtend nie – onderwysers kan hul eie toepaslike voorbeelde kies.)		
1. Die opkomende stem van Swart Kuns in die Twintigste Eeu (sogenaamde 'Township Art', ens.)	Gerard Bhengu Peter Clarke Ernest Mancoba Gladys Mgudlandlu George Pemba Gerard Sekoto Michael Zondi ens..	Kuns van Pan-Afrika, Ekspressionisme, School of Paris
2. Soeke na 'n Suid-Afrikaanse identiteit in Suid-Afrikaanse Kuns	Irma Stern, Edoardo Villa, ens. Walter Battiss Cecil Skotnes Sydney Kumalo Alexis Preller Helen Sebidi Mary Stainbank	San Rotskuns Afrika-stamkuns Ndebele argitektuur en muurversiering Duitse Ekspressionisme Kubisme Henry Moore
3. Kuns en Politiek: Weerstands- of Proteskuns in Suid-Afrika	Willie Bester Norman Catherine Sifiso Ka Mkame William Kentridge Helen Sebidi Paul Stopforth . Sue Williamson Gavin Younge Manfred Zylla, ens. Ook muurskilderye, plakkate	Voorbeelde van politieke stellings deur Goya, David en Delacroix Duitse Ekspressionisme Grafiese kuns van Käthe Kollwitz Russiese Rewolusionêre kuns Meksikaanse Muurskilders bv. Rivera, Siqueiros, Orozco Picasso - *Guernica* Pan-Afrika sosio-politieke omgewing
4. Kunsvlyt en Toegepaste Kuns eksplorasie van inheemse kennissisteme – tradisionele en kontemporêre benaderings – bemarkingskwessies	Ardmore Studio (keramiek) Nesta Nala (keramiek) Rebecca Matibe (keramiek) Hylton Nel (keramiek) Clementina Van der Walt (keramiek) Allina Ndebele (tapisserieweefwerk) Reuben Ndwandwe (mandjieweefwerk) Beauty Nxgonga (mandjieweefwerk) Elliot Mkize (draadweefwerk) Kaross Weavers Co-op (borduurwerk) Esther Mahlangu (muurversiering) ens.	Pan-Afrika kunsvlyt Bauhaus Art Deco toegepaste ontwerp Inheemse ('Native') Amerikaanse kunsvlyt

Kopiereg voorbehou

5. Kuns en Mag – gedenkgeboue, gedenktekens en kunswerke	- *Uniegebou* 1913 – Britse Imperialisme - *Voortrekkermonument* 1948 – Afrikaner-nasionalisme - *Vrouemonument* – Bloemfontein 1913 - *Sharpeville Human Rights Precinct*, Gauteng, 2001 - *Vryheidspark*, Pretoria 2004 - *Konstitusionele Hof*, Johannesburg 2005 – demokrasie in aksie, ens.	Gedenkkuns en argitektuur van Antieke Egipte Griekse gedenkbeeldhouwerk en gedenktekens Romeinse triomfboë en kolomme Oorlogsgedenktekens in Europese stede, bv. Parys, Londen, ens.
6. Rol van formele en informele kunssentrums in die opleiding van kunstenaars in die tyd van Apartheid en Post-Apartheid in Suid-Afrika Kies EEN kunssentrum vir indiepte-studie en navorsing. Ondersoek huidige rigtings in Visuele Kuns by VOO-Kolleges, universiteite van tegnologie, en akademiese universiteite met inagneming van loopbaanpaaie in kuns en ontwerp.	Rorke's Drift Art & Craft Centre Azaria Mbatha (drukkuns) Gordon Mbatha (keramiek) John Muafengejo (drukkuns) Alinna Ndebele (wewer) Dan Ragoathe (drukkuns) Cyprian Shilakoe (drukkuns) Vuminkosi Zulu (drukkuns) ens. Polly Street Art Centre Dumile Feni Sydney Kumalo Ezrom Legae Louis Maqhubela Ephraim Ngatane Lucas Sithole ens. Nyanga Arts Centre Patrick Holo Sydney Holo, ens.	Duitse Ekspressionistiese Drukkuns Pan-Afrikaanse stamkuns Kubisme Sweedse toegepaste ontwerp, ens.
7. Multimedia – alternatiewe kontemporêre en populêre kuns in populêre kunsvorms in SA	Beezy Bailey Kendell Geers William Kentridge Clive van den Berg Robert Hodgins *ook populêre kunsvorms bv.*: Bitter Komix/Mural Art/T-hemde Plakkate, ens.	Pop-kuns Video-kuns Op-kuns Minimalisme Konseptuele Kuns Uitvoerende Kunste Digitale Kuns Installasies
8. Kuns en die spirituele – vraagstukke in kuns oor geloofstelsels, die spirituele in kuns – (nie noodwendig religieuse kuns nie) en esoteriese denkers	Frans Claerhout Jackson Hlongwane Noria Mabasa Trevor Makhoba Credo Mutwa Bonnie Nthshalishali	Afrika rituele kuns en artefakte Australiese Aboriginal-kuns Boedddhistiese rituele kuns en artefakte Ekspressionisme Meksikaanse religieuse kuns Paul Gauguin
9. Geslagskwessies in SA Kuns: Manlikheid en Vroulikheid	Jane Alexander Faiza Galdhari Helen Sebidi Penny Siopis Langa Magwa	Frida Kahlo Georgia O'Keefe Feministiese Kuns in die VSA bv. Miriam Shapiro, Judy Chicago (*Dinner Party)* Tracey Emin Gilbert en George

10. Kontemporêre Argitektuur in Suid-Afrika	Geskikte uitstaande plaaslike voorbeelde van argitektuur Hou die volgende in gedagte: • Geboue wat die behoeftes van die gemeenskap in ag neem • Kwessies oor laekoste-behuising • Gebruik van nuwe en tradisionele materiale en tegnieke • Kontekstuele kwessies • Kwessies wat die omgewing raak, ens.	Nuwe tendense in wêreldargitektuur, bv. Postmodernisme Hoëteg ('high tech') Dekonstruktivisme

VISUELE KULTUURSTUDIES FINALE EKSAMEN

INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE KUNS

ALGEMEEN: WANNEER VIR DIE EKSAMEN HERSIEN WORD, MOET DIE ONDERWYSER/LEERDER AANDAG AAN DIE VOLGENDE GEE:

a) Leerders moet vertroud wees met konsepte wat verband hou met Suid-Afrikaanse kuns en dit ook kan toepas. Hulle moet die betekenis van begrippe/konsepte soos die volgende duidelik verstaan: weerstandskuns, propogandakuns, aanwending, die 'verwaarloosde tradisie', ens.
b) 'n Kritiese benadering tot hierdie afdeling word aanbeveel. Leerders moet bewus gemaak word van problematiese terminologie, kwessies, aannames en vooroordele wat verband hou met die kuns wat hulle bestudeer. Daar word aanbeveel dat leerders ten minste EEN Suid-Afrikaanse kunstenaar bestudeer wat nie tradisioneel as 'hoofstroom' beskou word nie.
c) Gereelde, voortdurende besoeke aan kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel. Waar besoeke onmoontlik is (skole in landelike gebiede, ens.) moet koerantresensies, ens. gereeld gekonsulteer word. Daar word van leerders verwag om vertroud te wees met ten minste een onlangse uitstalling.

LOOM – BRONVERWYSINGS

Visuele Kuns-onderwysers kies hulle eie Kuns- en Ontwerpboeke om by hul onderrigkonteks en behoeftes te pas. Dié wat die algemeenste gebruik word deur die eksamenpaneel en deur die meeste Visuele Kuns-onderwysers is by hierdie versameling ingesluit.

LW: Opvoeders behoort hul eie versameling projekte, klasnotas, verwysingsmateriaal, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, video's, ens. te gebruik om waardevolle leer- en onderrigondersteuningsmateriaal te verskaf vir die teorieinhoud en praktiese vaardighede wat deur die nuwe Visuele Kuns-kurrikulum vereis word.

Die eksamenpaneel het hiervan kennis geneem en breë vrae gestel, waarin leerders hul kennis kan selekteer op 'n relevante wyse, hul interpretasies en menings kan motiveer of probleme kan oplos deur toegepaste kennis en kenniskonstruksie. NSS Visuele Kuns ondersteun hierdie model in die VAR- en die LPR-dokumente.

In Visuele Kuns en Ontwerp word saamgestem dat daar baie aanbevole bronne moet wees omdat geen enkele handboek die veld kan dek nie en dat dit slegs tot herhaling van feite in die handboek sal lei, sonder enige werklike kennis en verryking, en dat dit leerders se insig en intrinsieke soeke na antwoorde sal vervlak en benadeel.

Provinsies kan onderwysers help deur 'bestepraktyk-onderrigmateriaal' deur die mees ervare en innoverende onderwysers op 'n CD saam te stel en dit deur die onderwysmedia van die provinsies te versprei.

NSS-Visuele Kuns-eksaminators beveel die volgende bronnelys ten sterkste aan – dit is nasionaal beskikbaar – veral ter ondersteuning van LU4 in Visuele Kultuurstudies.

BEDFORD, E. 2004. *A Decade of Democracy South African Art 1994-2004: from the permanent collection of Iziko: SA National Gallery*. Cape Town: Double Storey Books
BERMAN, E.1993. *Painting in South Africa*. Halfway House: Southern Books
GEERS, G. (ed.) 1997.*Contemporary South African Art: the Gencor Collection.* Jonathan Ball 1997
HOBBS, P. & RANKIN E. 2003. *Rorke's Drift, Empowering prints.* Cape Town: Double Storey Books
HOBBS, P. et al. 1999. *Printmaking Resource. Live Art series. Johannesburg: MTN Art Institute.*
HUNTLEY, M. 1992. *Art in Outline 1: an introduction to South African Art.* Cape Town: Oxford
HUNTLEY, M. 1994. *Art in Outline 2: from rock art to the late 18th century.* Cape Town: Oxford
MILES, E. 1997. *Land & Lives: A story of early black artists*. Cape Town: Human & Rousseau
MILES E. 2004. *Polly Street: The story of an Art Centre.* Ampersand Foundation
SCOTT, G. 1998. *Ardmore: an African Discovery*. Vlaeberg: Fernwood Press,
WILLIAMSON, S. & A. JAMAL 1996. *Art in South Africa: the future the present.* Cape Town: David Philip
WILLIAMSON, S. 1989. Res*istance Art.* Cape Town: David Philip
YOUNGE, G. 1988. *Art of the South African Townships.* London: Thames & Hudson
ART FROM THE AFRICAN CONTINENT – an African Art Resource. MTN Art Institute
AN INTRODUCTION TO AFRICAN ART - Teachers resource book – IBHABHATHANE PROJECT – WESTERN CAPE ED. DEPARTMENT
10 YEARS 100 ARTISTS : Art in a democratic South Africa (Bell Roberts) ISBN 1770070893
150 SA PAINTINGS PAST AND PRESENT: Lucy Alexander & Evelyn Cohen (Struik) ISBN 0 947458 25 5
HEAVEN'S THINGS: a story of the /Xam: Pippa Skotnes (UCT Press) ISBN 1-919713-41-7
PICASSO AND AFRICA Eds. L Madeline & M Martin (Bell Roberts)ISBN 0 620 35721 5
A HISTORY OF MODERN ART: Ed.. H Arnason (Thames & Hudson) ISBN 0 50023106 0
THE PRINCIPALS OF ARCHITECTURE: STYLE, STRUCTURE, DESIGN: Ed.. Michael Foster (Mallard Press)ISBN 0-792-45190-2
ART IN OUTLINE - 1 and 2 Merle Huntley (OUP) Thames & Hudson series
THE NEW WENDY COLMAN VISUAL CULTURE SERIES (All Copy Publishers)

ICT EN INTERNET

Die integrering van ICT met Visuele Kuns-onderrig: ICT-Integrering met NSS-vakke in Graad 10 – 12. Onderwysers word aangemoedig om IT-projekte gedurende die jaar in te sluit. Dit kan wissel van internetnavorsing tot die gebruik van Visuele Kuns-sagteware as deel van 'n geïntegreerde taak (afhangend van die fasiliteite beskikbaar by die skool of huis).

Die volgende is handige navorsingsbladsye vir Visuele Kultuurstudies, nog baie kan met behulp van 'n soekenjin gevind word:

http://www.cama.org.za/southafr/art.htm
http://www.sanlam.co.za/
http://library.thinkquest.org/18799/jale.html
http://www.mg.co.za/mg/art/fineart/archive/fineart-history.htm
http://www.artthrob.co.za/00sept/index.html
http://www.artslink.co.za/
http://www.artnews.co.za/html/home.html

INSTRUKSIES VIR DIE LEERDER

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE VIR VISUELE KUNS GRAAD 12

Die formaat van geïntegreerde praktiese take in Graad 12:

- Kwartaal 1: Praktiese Taak - Visuele kuns (ten minste EEN voltooide kunswerk) – verskeie dissiplines sien (2008) VAR- + LPR-dokumente (50 punte)
- Kwartaal 2: Praktiese Taak - Visuele kuns (ten minste EEN voltooide kunswerk) – verskeie dissiplines (50 punte)
- Kwartaal 3: Praktiese Taak - Visuele kuns (ten minste EEN voltooide kunswerk) – verskeie dissiplines (50 punte)
- Kwartaal 4: Uitstalling van ten minste SES voltooide kunswerke uit die werke gedoen in Graad 11 en 12 – Kwartaal 1, 2 en 3 + Bronboek + FINALE EKSAMENSTUK.

Jou FINALE praktiese eksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies vir hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardigheid sal vertoon word. Daar word vertrou dat jy dit sal geniet om hierdie kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees en persoonlik ervaring sal verteenwoordig.
Die eksamen is in twee afdelings ingedeel:

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

AFDELING B: DIE KUNSWERK

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK
Die bronboek vorm 'n belangrike deel van hierdie eksamen. Dit verskaf insig oor die wyse waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy nagevors het en ander prosesse wat lei tot die finale werk.

Die bronboek moet die volgende insluit:
- Alle idees en oplossings wat jy nagevors het.
- Al jou bronmateriaal. Dit sluit in tekeninge uit die lewe, foto's, beelde uit tydskrifte, koerante; gedigte, lirieke, voorwerpe wat jy gevind het, ens. Oorweeg dit om jou eie foto's te neem waar relevant.
- Al jou voorbereidende komposisionele sketse, tekeninge en aantekeninge gebaseer op jou bronne. Dit is belangrik om hierdie bronne te verpersoonlik deur dit te skets, naas mekaar te stel en oorspronklike komposisies te skep.
- Geskrewe verduidelikings en aantekeninge oor hoe jy die onderwerp gaan hanteer.
-

AFDELING B: DIE KUNSWERK
Daar word van jou verwag om EEN kunswerk in die praktiese dissipline wat jy hierdie jaar gebruik het, te produseer. Dit kan in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks werke wat as een lees, wees.

Algemene riglyne:
- Jy mag die vraestel met jou Kunsonderwyser bespreek.
- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die Kunsonderwyser in die Kunskamer/-vertrek gedoen word. Geen eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie.
- Grootte: geen beperkinge nie, maar dit moet hanteerbaar wees.
- Onthou die belangrikheid van elemente en kunsbeginsels soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, balans, harmonie, verhouding en komposisie.
- Daar is geen spesifieke voorskrifte m.b.t. die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressionisties, dekoratief, ens. wees.
- Jy mag ander media inkorporeer om gemengdemedia-werk te skep in enige van die praktiese dissiplines.
- Bied jou werk aan volgens die vereistes van jou Kunsonderwyser, bv. montering, portefeulje of kunsuitstalling, ens.

Kopiereg voorbehou

DIE VOLGENDE IS 'N VOORBEELD VAN BASIESE ASSESSERINGSKRITERIA WAT GEBRUIK WORD OM DIE FINALE PRAKTIESE EKSAMEN TE EVALUEER.

AFDELING 1*: BRONBOEK/WERKBOEK/NAVORSING*

LU1 - KONSEPTUALISERING	
Voorstel	5
Ondersoek/Navorsing	10
Ontdekking/Eksplorasie	10
Verslag watd ie voltooiingvan die taak weerspieël	5
TOTAAL	30

AFDELING 2: *DIE KUNSWERK/PRAKTIES*

LU2 – DIE MAAK	
Gebruik van materiaal	10
Gebruik van formele kunselemente en -beginsels	10
Algemene indruk	10
TOTAAL	30

HIERDIE WEERGAWE KAN GEBRUIK WORD VIR KLEINER PROJEKTE GEDURENDE DIE JAAR

AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK		AFDELING B: DIE KUNSWERK	
KRITERIA			
Ondersoek 'n verskeidenheid benaderings en idees	5	Tegniese vaardigheid, gebruik van materiale	10
Eksplorasie en eksperimentering met materiale en tegnieke	5	Estetiese gebruik van kunselemente en toepassing van oorspronklike navorsing in bronboek	10
Ten minste TWEE voorbereidende komposisionele sketse/collages/assemblages		Algemene indruk van die werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, kompleksiteit, innovasie en aanbieding van die werk	20
TOTAAL	10	*TOTAAL*	40

ASSESSERINGSINSTRUMENTE:

NEEM KENNIS DAT AL DIE VOORGESTELDE RUBRIEKE AANGEPAS KAN WORD VIR ELKE PAT – VOLGENS DIE KONTEKS VAN DIE PROJEKVEREISTES – KAN VERSKIL VAN PROJEK TOT PROJEK	

Voorgestelde rubriek vir die assessering van 'n Bronboek/Visuele Dagboek					
Onvoldoende 0 – 29 %	Gedeeltelik 30 – 39 %	Redelik 40 – 49 %	Bevredigend 50 – 59 %	Baie goed 60 – 70 %	Uitstekend 80 – 100%
Leerder kan inligting nie korrek vaslê nie, kan nie toepaslike taalgebruik toepas nie/woordgebruik/ tekeninge en beplanning onvoldoende.	Die leerder hou nie goed rekord nie en taalgebruik/tekening en beplanningsvermoë is onvoldoende.	Die leerder hou voldoende rekord en het 'n beperkte taalgebruik/tekening en beplanningsvermoë.	Die leerder se vermoë om rekord te hou is aanvaarbaar en begrip van kreatiewe taal/beplanning en tekeninge is bevredigend.	Die leerder hou goed rekord en gebruik kreatiewe taal-/teken- en beplanningsvaardighede.	Rekordhouding is van die leerder is geheel en al akkuraat en die vaardighede van kreatiewe taal//beplanning, ens. is bemeester.
Leerder toon geen begrip van die relevante kunsskeppingspro-sesse nie en is ook nie in staat om te reflekteer op eie vordering nie.	Die leerder begryp die kunsskeppingsproses gedeeltelik en refleksie is onvoldoende.	Leerder het 'n beperkte begrip van die kunsskeppingsproses en is gedeeltelik bevoeg om op sy/haar ontwikkeling te reflekteer	Leerder het 'n aanvaarbare begrip van die kunsskeppingsproses, en kan oor sy/haar vordering reflekteer.	Die leerder het 'n goeie begrip van die kunsskeppingsproses en kan oor sy/haar eie vlak van ontwikkeling reflekteer.	Die leerder het 'n uitstekende en volledige begrip van die kunsskeppingsproses en het uitstekende insig in sy/haar ontwikkeling.
Leerder kan nie beskryf hoe prosesse en vaardighede wat hy aangeleer het, plaasvind nie.	Die leerder kan slegs deels vaardighede en materiaal vir verdere selfontwikkeling inspan.	Die leerder kan binne perke aangeleerde vaardighede en materiaal vir verdere selfontwikkeling inspan.	Die leerder het 'n bevredigende vermoë om aangeleerde vaardighede en materiaal vir verdere selfontwikkeling in te span.	Die leerder het 'n goeie begrip van die kunsskeppingsproses en kan oor sy/haar eie vlak van ontwikkeling reflekteer.	Die leerder toon diep insig in die toepassing van aangeleerde vaardighede en materiaal vir verdere selfontwikkeling.

Kopiereg voorbehou

1. VOORGESTELDE VOORBEELD VAN RUBRIEK VIR PRAKTIES: PAT 1, 3 EN 5 EN FINALE PRAKTIESE EKSAMEN

AFDELING A: *BRONBOEK/WERKBOEK/NAVORSING*

KRITERIA	
Leerder se voorstel	10
Navorsing van 'n verskeidenheid idees en benaderinge	10
Ontdekking/Eksplorasie en manipulering van materiale en tegnieke	10
Verslag wat die voltooiing van die taak weerspieël	10
Tydsbestuur	5
Aanbieding	5
TOTAAL	50

AFDELING B: *DIE KUNSWERK/PRAKTIES*

KRITERIA	
Keuse en gebruik van materiaal en tegnieke	10
Gebruik van formele kunselemente	10
Algemene indruk van die werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering	10
Interpretasie en praktiese implementering van die navorsing	10
Voltooiing van die werk/tydsbestuur	5
Aanbieding van die werk	5
TOTAAL	50
GEKOMBINEERDE TOTAAL	100

2. VOORGESTELDE VOORBEELD VAN RUBRIEK VIR PAT – TAKE 1, 3 EN 5 EN FINALE PRAKTIESE EKSAMEN

AFDELING 1: *BRONBOEK/WERKBOEK/NAVORSING*

LU1 - KONSEPTUALISERING	
Voorstel	5
Ondersoek/Navorsing	10
Ontdekking/Eksplorasie	10
Verslag wat die voltooiing va die taak weerspieël.	5
TOTAAL	30

AFDELING 2: *DIE KUNSWERK/PRAKTIES*

LO2 – DIE MAAK	
Gebruik van materiaal	10
Gebruik van formele kunselemente en -beginsels	10
Algemene indruk	10
TOTAAL	30

AFDELING 3: AANBIEDING

LU 3 – AANBIEDING EN TYDSBESTEDING	
Bronboek – Aanbieding	5
Bronboek – Tydsbestuur	5
Kunswerk – Aanbieding	5
Kunswerk – Tydsbesteding	5
LET WEL: TOTAAL =20 ÷ 2 = 10	10

AFDELING 4: DIE VERBAND MET VISUELE KULTUURSTUDIES

LU4 – VISUELE KULTUURSTUDIES	
Geskrewe gedeelte van die PAT (Onderwyser moet eie kriteria wat pas by die die opdrag ontwerp)	30
TOTAAL	30
GEKOMBINEERDE TOTAAL	100

VOORGESTELDE ASSESSERINGSRUBRIEKE VIR VISUELE KULTUURSTUDIES

Voorgestelde maniere waarop Visuele Kultuurstudies getoets kan word.

Toetse kan uit die volgende bestaan:

- Informele kort opstelle/refleksies en vrae met betrekking tot die praktiese werk
- Leesstudies van geselekteerde leesstukke en kommentaar deur kunstenaars of kunsgeskiedkundiges
- Vasvra-kompetisies
- Visuele begripstoetse van kunswerke in plaaslike gallerye en versamelings
- Toets van vaardighede en tegnieke
- Werkboek/Joernaalprojekte
- 'Teach-backs': leerders gee self klas/Powerpoint-aanbiedings
- Formele navorsingsopstel

VISUELE KULTUURSTUDIES FINALE EKSAMEN

INTERNASIONALE EN SUID-AFRIKAANSE KUNS

HIERDIE RUBRIEK KAN AANGEPAS WORD VOLGENS DIE OPDRAG EN DIE VEREISTES VAN DIE NAVORSINGSPROJEK.



Kopiereg voorbehou

Voorgestelde kriteria – Visuele Kultuurstudies (Navorsingsopstel) (LU4)	5	4	3	2	1	PUNT
Leerder begryp die opdrag en voer dit uit met begrip van die inhoud van die tema						
Leerder toon kreatiwiteit met die gebruik van inligting en beelde						
Leerder demonstreer kritiese analitiese navorsingsvermoë en vaardighede						
Leerder het gebruik gemaak van gepaste kunsterminologie.						
Leerder het bewys gelewer van sowel navorsingsvaardighede as hoe om daaroor te skryf.						
TOTAAL						

Kopiereg voorbehou